(b) 'n aanvraagprys van R2,05 (twee rand vyf sent) per maand vir elke kilovolt-ampère van die maksimum aanvraag wat in die maand gelewer is; met dien verstande dat indien die verbruiker in die maand geen elektrisiteit verbruik nie of indien die verbruiker se maksimum aanvraag in die maand minder as 70 (sewentig) persent is van die aangemelde maksimum aanvraag wat dan van krag is, die lisensiehouer ingevolge paragraaf (b) van hierdie tarief vir 70 (sewentig) persent van genoemde aangemelde maksimum aanvraag kan laat betaal; *plus*
(c) 'n energieprys teen die koers van 0,570c (nul komma vyf sewe nul sent) per kilowatt uur (kWh) gedurende die maand gelewer; met dien verstande dat gemelde kWh koers wat daarop gegrond is dat die koste van steenkool wat by West Bankkragstasie verbruik word R7,12 (sewe rand twaalf sent) per metrieke ton is, van tyd tot tyd op die volgende wyse hersien sal word:

Die lisensiehouer moet die gemiddelde koste van die steenkool wat by genoemde kragstasie verbruik word vir elke tydperk van drie maande tot die end van Maart, Junie, September en Desember in Rand per metrieke ton bepaal. Die aanpassing van die energietarief wat gedurende die daaropvolgende drie maande van toepassing is, is die verskil tussen die steenkoolkoste vir die tydperk van drie maande wat onmiddellik voorafgaande is en genoemde basiese steenkoolkoste van R7,12 (sewe rand twaalf sent) per metrieke ton, vermenigvuldig met die getal metrieke ton wat gedurende die onmiddellik voorafgaande tydperk van drie maande verbruik is gedeel deur die totale getal kWh wat deur die ming verkoop is; met dien verstande dat die aanpassing in volle maande verbruik is gedeel deur die totale getal kWh wat deur die lisensiehouer gedurende dieselfde tydperk in sy Grensonderneming verkoop is; met dien verstande dat die aanpassing in volle veelvoude van 0,005c (nul komma nul nul vyf sent) is en dat onvoltooide dele van sodanige veelvoude veronagsaam word. Die aanpassing wat so bepaal is, moet getel word by die basiese energietarief van 0,570c (nul komma vyf sewe nul sent) per kWh indien voormelde gemiddelde steenkoolkoste R7,12 (sewe rand tawaalf sent) per metrieke ton oorskry, of afgetrek word van die basiese energie tarief indien die gemiddelde steenkoolkoste minder is as R7,12 (sewe rand twaalf sent) per metrieke ton.

Tarief (B): Kleinkraggebruikers

Vir 'n toevoer aan 'n verbruiker wie se maksimum aanvraag selde meer as 50 (vyftig) kilovolt-ampère of nooit meer as 75 (vyf-en-sewentig) kilovolt-ampère is nie, beskikbaar gestel by 'n nominale spanning van 380 volt tussen fases en 220 volt tussen fase en neutraal, vir gebruik as beweegkrag of vir verwarming of vir elektrochemiese prosesse, word die volgende gevorder:

(a) 'n Diensgeld van R1 (een rand) per maand; hierdie bedrag moet betaal word ongeag daarvan of elektrisiteit verbruik word of nie; *plus*
(b) 'n aanvraagprys van 20c (twintig sent) vir elke volle ampère van die maksimum aanvraag wat in die maand gelewer is; met dien verstande dat die lisensiehouer minstens die minimum bedrag vir die meterinstallasie wat op daardie tydstip vir die verbruiker se toevoer geïnstalleer is, kan vorder, naamlik:

Meterinstallasie vir die meet van 'n maksimum aanvraag	*Minimum bedrag*
	R
Van minder as 17 ampère	0,60
Van 17 tot 24 ampère	0,90
Van 25 tot 33 ampère	1,20
Van 34 tot 49 ampère	1,80
Van 50 tot 66 ampère	2,40
Van 67 tot 99 ampère	3,60
Van 100 tot 132 ampère	4,80
Van 133 tot 198 ampère	7,20
Van 199 tot 297 ampère	10,80
Van meer as 297 ampère	14,40

plus

(c) 'n energieprys teen die koers van 1,02c (een komma nul twee sent) per kWh gedurende die maand gelewer; met dien verstande dat gemelde kWh koers wat daarop gegrond is dat die koste van steenkool wat by West Bankkragstasie verbruik word R7,12 (sewe rand twaalf sent) per metrieke ton is, van tyd tot tyd op die volgende wyse hersien sal word:

Die lisensiehouer moet die gemiddelde koste van die steenkool wat by genoemde kragstasie verbruik word vir elke tydperk van drie maande tot die end van Maart, Junie, September en Desember in Rand per metrieke ton bepaal. Die aanpassing van die energietarief wat gedurende die daaropvolgende drie maande van toepassing is, is die verskil tussen die steenkoolkoste vir die tydperk van drie maande wat onmiddellik voorafgaande is en genoemde basiese steenkoolkoste van R7,12 (sewe rand twaalf sent) per metrieke ton, vermenigvuldig met die getal metrieke ton wat gedurende die onmiddellik voorafgaande tydperk van drie maande verbruik is, gedeel deur die totale getal kWh wat deur die lisensiehouer gedurende dieselfde tydperk in sy Grensonderneming verkoop is; met dien verstande dat die aanpassing in volle veelvoude van 0,02c (nul komma nul twee sent) is en dat onvoltooide dele van sodanige veelvoude veronagsaam word. Die aanpassing wat so bepaal is, moet getel word by die basiese energietarief van 1,02c (een komma nul twee sent) per kWh indien voormelde gemiddelde steenkoolkoste R7,12 (sewe rand twaalf sent) per metrieke ton oorskry, of afgetrek word van die basiese energietarief indien die gemiddelde steenkoolkoste minder is as R7,12 (sewe rand twaalf sent) per metrieke ton.

Met dien verstande verder dat tot die datum waarop die lisensiehouer die meetuitrusting ingerig het wat nodig is vir die toepassing van die aanvraaggeld in item (b), daar vir die toevoer ingevolge hierdie tarief gevra moet word op die basis van die volgende voorlopige vorderings (a) en (b) plus die energiegeld in item (c) van hierdie tarief uiteengesit, naamlik:

(a) 'n Diensgeld van 65c (vyf-en-sestig sent) per maand wat betaalbaar is al word geen elektrisiteit gebruik nie; *plus*
(b) 'n vordering van 80c (tagtig sent) per maand per geïnstalleerde pk.; met dien verstande dat in enige maand waarin die toevoer wat die verbruiker neem minder as 10 (tien) kWh per geïnstalleerde pk. is, die Lisensiehouer geregtig is om 56c (ses-en-vyftig sent) per maand per geïnstalleerde pk. te vorder, onderworpe aan die absolute minimum van die heffing vir een geïnstalleerde pk.

Tarief (C): Verligting- en huishoudelike gebruikers

Verligting- en huishoudelike gebruikers kan kies tussen Tarief (B) of die volgende Tarief (C):

Vir 'n toevoer aan persele ten opsigte waarvan daar 'n "kameraanslag" gemaak is of gemaak kan word:

Alternatief (i)—Uniforme tarief

(a) 'n Diensgeld van 55c (vyf-en-vyftig sent) per maand; hierdie bedrag moet betaal word, ongeag daarvan of elektrisiteit verbruik word of nie; *plus*

(b) 'n bedrag van 7,5c (sewe komma vyf sent) per kWh in die maand voorsien; hierdie bedrag of 32c (twee-en-dertig sent), watter een ook al die grootste is, moet betaal word ongeag daarvan of elektrisiteit verbruik word of nie.

Alternatief (ii)—Kamertarief

(a) 'n Diensgeld van 55c (vyf-en-vyftig sent) per maand; hierdie bedrag moet betaal word, ongeag daarvan of elektrisiteit verbruik word of nie; *plus*

(b) 'n bedrag van 32,5c (twee-en-dertig komma vyf sent) per kamer per maand, onderworpe aan die absolute minimum van die bedrag vir een kamer; *plus*

(c) 'n energieprys teen die koers van 1,02 (een komma nul twee sent) per kWh gedurende die maand gelewer; met dien verstande dat gemelde kWh koers wat daarop gegrond is dat die koste van steenkool wat by West Bankkragstasie verbruik word R7,12 (sewe rand twaalf sent) per metrieke ton is, van tyd tot tyd hersien sal word op die wyse soos in die tweede paragraaf van (c) van Tarief (B) uiteengesit.

Indien die begindatum of die beëindigingsdatum van enige toevoer sodanig is dat die toevoer slegs vir 'n gedeelte van die maand beskikbaar is, moet enige diensgeld, aanvraagprys, kamerprys of maandelikse minimum bedrag wat die lisensiehouer verder, bereken word op 'n pro rata-grondslag vir die gedeelte van 'n maand van 30 dae waarin die toevoer beskikbaar is.

Straatverligting

Waar die lisensiehouer elektrisiteit voorsien vir straatverligting of soortgelyke openbare verligting en dit in stand hou, word die bedrag vir sodanige elektrisiteit en diens by 'n spesiale ooreenkoms tussen die lisensiehouer en die verbruiker vasgestel.

Bogenoemde bedrae word, ooreenkomstig die bepalinge van artikel 29 van die Wet, verander om te voldoen aan spesiale omstandighede wat van toepassing is op die voorsiening van elektrisiteit aan sekere verbruikers en in sekere gebiede.

ELEKTRISITEITSVOORSIENINGSKOMMISSIE

OPGAWE VAN TARIEWE VIR 1976

[Afgekondig ingevolge artikel 29 (3) van die Elektrisiteitswet, 1958]

WES-KAAPLANDSE ONDERNEMING

Die standaardtariewe is soos hieronder uiteengesit. Hierdie tariewe is onderworpe aan toeslae soos volg:

Vanaf 1 Januarie 1976 is die bestaande algemene toeslag 22,5 (twee-en-twintig komma vyf) persent. Hierdie toeslag sal met ingang van April 1976 tot 40 (veertig) persent verhoog word, en met ingang van September 1976 verder verhoog tot 60 (sestig) persent.

Tarief (A): Grootkraggebruikers

Vir 'n driefasige wisselstroomtoevoer aan 'n verbruiker wie se aangemelde maksimum aanvraag 25 (vyf-en-twintig) kilovolt-ampère of meer is, teen 'n frekwensie van 50 (vyftig) hertz en by 'n ooreengekome spanning wat in die omgewing beskikbaar is, word die volgende gevorder:

(a) 'n Diensgeld van R6,60 (ses rand sestig sent) per maand; hierdie bedrag moet betaal word, ongeag daarvan of elektrisiteit verbruik word of nie; *plus*

(b) 'n aanvraagprys van R1,63 (een rand drie-en-sestig sent) per maand vir elke kilovolt-ampère van die maksimum aanvraag wat in die maand voorsien is; met dien verstande dat, indien die ooreengekome spanning laer as 2 000 volt is, die aanvraagprys ingevolge hiervan bereken word teen R1,75 (een rand vyf-en-sewentig sent) per maand vir elke kilovolt-ampère van die maksimum aanvraag waarin daar in die maand voorsien is; voorts met dien verstande dat indien die verbruiker in die maand geen elektrisiteit verbruik nie of indien sy maksimum aanvraag in die maand minder is as 70 (sewentig) persent van die aangemelde maksimum aanvraag wat dan van krag is, die Lisensiehouer, ingevolge paragraaf (b) van hierdie tarief, vir 70 (sewentig) persent van genoemde aangemelde maksimum aanvraag kan laat betaal; *plus*

(c) 'n energieprys teen die koers van 0,46c (nul komma vier ses sent) vir elke kilowatt uur (kWh) wat gedurende die maand verskaf word, met dien verstande dat genoemde energietarief, wat daarop gegrond is dat die koste van steenkool wat by die Soutrivier- en Heksrivierkragstasies verbruik word R6,61 (ses rand een-en-sestig sent) per metriek ton is, op die volgende manier gewysig sal word:

Die gemiddelde koste van die steenkool wat by die genoemde kragstasies verbruik word, sal deur die Lisensiehouer vir elke tydperk van drie maande, onderskeidelik tot en met Maart, Junie, September en Desember in Rand per metrieke ton bereken word. Die wysiging van die energietarief wat gedurende die daaropvolgende drie maande van toepassing is, sal gelyk wees aan die verskil tussen die gemiddelde steenkoolkoste vir die pas verstreke drie maande en die voorgenoemde basiese steenkoolkoste van R6,61 (ses rand een-en-sestig sent) per metriek ton, vermenigvuldig met die getal metriek tonne wat gedurende die pas afgelope drie maande verbruik is en voorts gedeel deur die totale getal kWh wat die lisensiehouer in dieselfde tydperk in sy Wes-Kaaplandse Onderneming verkoop het, met dien verstande dat die aanpassing in volledige veelvoude van 0,005c (nul komma nul nul vyf sent) sal geskied en dat onvolledige gedeeltes van sodanige veelvoude veronagsaam sal word. Die wysiging wat so bepaal is, sal by die basiese energietarief van 0,46c (nul komma vier ses sent) per kWh gevoeg word indien voorgenoemde gemiddelde steenkoolkoste R6,61 (ses rand een-en-sestig sent) per metriek ton oorskry, of van die basiese energietarief afgetrek word as die gemiddelde steenkoolkoste laer as R6,61 (ses rand een-en-sestig sent) per metriek ton is.

Tarief (B): Kleinkraggebruikers

Vir 'n toevoer waarvan die maksimum aanvraag selde meer as 50 kVA en nooit meer as 75 kVA is nie, en wat beskikbaar gestel word by die nominale spanning van 380 volt tussen fases en 220 volt tussen fase en neutraal, vir gebruik as beweegkrag of vir verwarming of vir elektrochemiese prosesse, word die volgende gevorder:

(a) 'n Diensgeld van 82c (twee-en-tagtig sent) per maand; hierdie bedrag moet betaal word, ongeag daarvan of elektrisiteit verbruik word of nie; *plus*

(b) 'n aanvraagprys van 26c (ses-en-twintig sent) vir elke volle ampère van die maksimum aanvraag wat in die maand voorsien is; met dien verstande egter dat die Lisensiehouer minstens die minimum bedrag vir die meterinstallasie wat op daardie tydstip vir sy toevoer geïnstalleer is, kan vorder, naamlik:

Meterinstallasie vir die meet van 'n maksimum aanvraag	*Minimum bedrag*
	R
Van minder as 25 ampère	1,04
Van 25 tot 33 ampère	1,56
Van 34 tot 49 ampère	2,34
Van 50 tot 66 ampère	3,12
Van 67 tot 99 ampère	4,68
Van 100 tot 132 ampère	6,24
Van 133 tot 198 ampère	9,36
Van 199 tot 297 ampère	14,04
Van meer as 297 ampère	18,72

plus

(c) 'n energieprys teen die koers van 0,94c (nul komma nege vier sent) vir elke kWh wat gedurende die maand verskaf is, met dien verstande dat genoemde energietarief, wat daarop gegrond is dat die koste van die steenkool wat by die Soutrivier- en Heksrivierkragstasies verbruik word R6,61 (ses rand een-en-sestig sent) per metriek ton is, op die volgende manier gewysig sal word:

Die gemiddelde koste van die steenkool wat by genoemde kragstasies verbruik word, sal deur die lisensiehouer vir elke tydperk van drie maande, onderskeidelik tot en met Maart, Junie, September en Desember, in Rand per metriek ton bereken word. Die wysiging van die energie-tarief wat gedurende die daaropvolgende drie maande van toepassing is, sal gelyk wees aan die verskil tussen die gemiddelde steenkoolkoste vir die pas verstreke drie maande en die voorgenoemde basiese steenkoolkoste van R6,61 (ses rand een-en-sestig sent) per metrieke ton, vermenigvuldig met die getal metriek tonne wat gedurende die pas afgelope drie maande verbruik is en voorts gedeel deur die totale getal kWh wat die lisensiehouer gedurende dieselfde tydperk in sy Wes-Kaaplandse Onderneming verkoop het, met dien verstande dat die aanpassing in volledige veelvoude van 0,02c (nul komma nul twee sent) sal geskied en dat onvolledige gedeeltes van sodanige veelvoude veronagsaam sal word. Die wysiging wat so bepaal is, sal by die basiese energietarief van 0,94c (nul komma nege vier sent) per kWh gevoeg word indien voorgenoemde gemiddelde steenkoolkoste R6,61 (ses rand een-en-sestig sent) per metriek ton oorskry, of van die basiese energietarief afgetrek word as die gemiddelde steenkoolkoste laer as R6,61 (ses rand een-en-sestig sent) per metriek ton is.

Met dien verstande dat, tot die datum waarop die Lisensiehouer die metertoerusting geïnstalleer het wat nodig is vir die toepassing van die aanvraagprys uiteengesit in item (b) van hierdie tarief op alle verbruikers wat daarop geregtig is, daar

vir die toevoer gedek onder hierdie tarief gevra moet word op die basis van die volgende voorlopige prys (a) en (b) plus die energieprys uiteengesit in item (c) van hierdie tarief, naamlik:

(a) 'n diensprys van 52c (twee-en-vyftig sent) per maand; hierdie prys is betaalbaar of elektrisiteit geneem word al dan nie; *plus*

(b) 'n prys van R1,04 (een rand en vier sent) per maand per ingerigte pk., met dien verstande egter dat in enige maand waarin die toevoer wat deur die verbruiker geneem word, minder as 10 (tien) kWh per ingerigte pk. is, die Lisensiehouer geregtig is om 21c (een-en-twintig sent) per maand per ingerigte pk. te vra.

Tarief (C): Verligting- en Huishoudelike Gebruikers

Verligting- en huishoudelike gebruikers kan kies tussen tarief (B) en die volgende tarief (C):

Vir 'n toevoer aan persele ten opsigte waarvan daar 'n "kameraanslag" gemaak is of gemaak kan word:

Alternatief (i)—Uniforme tarief

(a) 'n Diensgeld van 47c (sewe-en-veertig sent) per maand; hierdie bedrag moet betaal word, ongeag daarvan of elektrisiteit verbruik word or nie; *plus*

(b) 'n bedrag van 5c (vyf sent) per kWh in die maand voorsien; hierdie bedrag of 52c (twee-en-vyftig sent), watter een ook al die meeste is, moet betaal word, ongeag daarvan of elektrisiteit verbruik word of nie.

Alternatief (ii)—Kamertarief

(a) 'n Diensgeld van 47c (sewe-en-veertig sent) per kamer per maand; hierdie bedrag moet betaal word, ongeag daarvan of elektrisiteit verbruk word of nie; *plus*

(b) 'n bedrag van 26c (ses-en-twintig sent) per kamer per maand; hierdie bedrag of 52c (twee-en-vyftig sent), watter een ook al die meeste is, is die minimum bedrag wat maandeliks betaal moet word, ongeag daarvan of elktrisiteit verbruik word of nie; *plus*

(c) 'n energieprys teen die koers van 0,94c (nul komma nege vier sent) per kWh in die maand gelewer; met dien verstande dat genoemde energieprys, gebaseer op die koste van steenkool wat deur die Soutrivier- en Heksrivierkragstasies verbruik is welke koste tans R6,61 (ses rand een-en-sestig sent) per metriek ton is, van tyd tot tyd aangepas word op die manier soos in die tweede paragraaf van (c) van Tarief (B) uiteengesit.

Indien die begin- of die beëindigingsdatum van enige toevoer sodanig is dat die toevoer slegs vir 'n gedeelte van die maand beskikbaar is, word die diensgeld en die aanvraagprys vir die toevoer, insluitende die kamerbedrag wat die Lisensiehouer vorder, en die minimum bedrae wat in die tariewe aangetoon word, bereken op 'n pro rata-grondslag vir die gedeelte van 'n maand van 30 (dertig) dae waarin toevoer beskikbaar is.

Straatverligting

Waar die Lisensiehouer elektrisiteit vir straatverligting of soortgelyke openbare verligting voorsien en dit in stand hou, word die bedrag vir sodanige elektrisiteit en diens by 'n spesiale ooreenkoms tussen die Lisensiehouer en die verbruiker vasgestel.

Bogenoemde bedrae word, ooreenkomstig die bepalinge van artikel 29 van die Wet, verander om te voldoen aan spesiale omstandighede wat van toepassing is op die voorsiening van elektrisiteit aan sekere verbruikers.

ELEKTRISITEITSVOORSIENINGSKOMMISSIE

OPGAWE VAN TARIEWE VIR 1976

[Afgekondig ingevolge artikel 29 (3) van die Elektrisiteitswet, No. 1958]

NOORD-KAAPLANDSE ONDERNEMING

Die standaardtariewe is soos hieronder uiteengesit. Hierdie tariewe is onderworpe aan toeslae soos volg:

Vanaf 1 Januarie 1976 is die bestaande algemene toeslag 7,5 (sewe komma vyf) persent. Hierdie toeslag sal met ingang van April 1976 tot 22,5 (twee-en-twintig komma vyf) persent verhoog word, en met ingang van September 1976, verder verhoog tot 40 (veertig) persent.

Tarief (A): Grootkraggebruikers

Vir 'n driefasige wisselstroomtoevoer aan verbruikers wie se aangemelde maksimum aanvraag 25 kilovolt-ampère of meer is, teen 'n frekwensie van 50 (vyftig) hertz en by 'n nominale spanning van 11 000 volt tussen fases, word die volgende gevorder:

(a) 'n Diensgeld van R7,30 (sewe rand dertig sent) per maand; *plus*

(b) 'n aanvraagprys van R2,30 (twee rand dertig sent) vir elke kilovolt-ampére van die maksimum aanvraag wat in die maand voorsien is; *plus*

(c) 'n energieprys teen die koers van 0,275c (nul komma twee sewe vyf sent) per kilowatt uur (kWh) in die maand gelewer, met dien verstande dat aangesien vermelde koers daarop gebaseer is dat die koste van steenkool wat by die kragstasies van die Sentrale Kragontwikkelingsonderneming verbruik word, met uitsondering van die kragstasies wat in (b) en (c) van die Tweede Bylae by die Permit van die Sentrale Kragontwikkelingsonderneming genoem word, R1,75 (een rand vyf-en-sewentig sent) per metrieke ton is, dit van tyd tot tyd op die volgende wyse aangepas word:

Die koste van steenkool, uitgedruk as die gemiddelde koste per metrieke ton wat by genoemde kragstasies verbruik word, moet vir elke tydperk van drie maande tot aan die einde van Maart, Junie, September en Desember bepaal word en indien die verskil tussen die koste van steenkool vir die pas afgelope tydperk van drie maande en genoemde basiese prys van R1,75 (een rand vyf-en-sewentig sent) minder is as 3,5c (drie komma vyf sent) is die kWh koers wat in die daaropvolgende drie maande toegepas moet word genoemde koers van 0,275c (nul komma twee sewe vyf sent); maar indien genoemde steenkoolkoste met 3,5c (drie komma vyf sent) of meer van die basiese koste verskil, dan is die kWh koers wat in die daaropvolgende tydperk van drie maande toegepas moet word, genoemde koers van 0,275c (nul komma twee sewe vyf sent) per kWh, plus of min 0,002c (nul komma nul twee sent) vir elke volledige vermeerdering of vermindering van 3,5c (drie komma vyf sent) van genoemde steenkoolkoste bo of onder die basiese koste.

Tarief (B): Kleinkraggebruikers

Vir 'n toevoer waarvan die maksimum aanvraag selde meer as 50 kVA en nooit meer as 75 kVA is nie, en wat beskikbaar gestel word by 'n nominale spanning van 380 volt tussen fases en 220 volt tussen fase en neutraal, vir gebruik as beweegkrag of vir verwarming of vir elektrochemiese prosesse, word die volgende gevorder:

(a) 'n Diensgeld van R1,25 (een rand vyf-en-twintig sent) per maand; hierdie bedrag moet betaal word, ongeag daarvan of elektrisiteit verbruik word of nie; *plus*

(b) 'n aanvraagprys van 30c (dertig sent) vir elke volle ampére van die maksimum aanvraag wat in die maand gelewer is; met dien verstande egter dat die verbruiker minstens die minimum bedrag vir die meterinstallasie wat op daardie tydstip vir sy toevoer geïnstalleer is, moet betaal, naamlik:

Meterinstallasie vir die meet van 'n maksimum aanvraag	*Minimum bedrag*
	R
Van minder as 17 ampère	0,90
Van 17 tot 24 ampère	1,20
Van 25 tot 33 ampère	1,80
Van 34 tot 49 ampère	2,70
Van 50 tot 66 ampère	3,60
Van 67 tot 99 ampère	5,40
Van 100 tot 132 ampère	7,20
Van 133 tot 198 ampère	10,80
Van 199 tot 297 ampère	16,20
Van meer as 297 ampère	21,60

plus

(c) 'n energieprys teen die koers van 0,83c (nul komma agt drie sent) per kWh in die maand gelewer, met dien verstande dat aangesien vermelde koers daarop gebaseer is dat die koste van steenkool wat by die kragstasies van die Sentrale Kragontwikkelingsonderneming verbruik word, met uitsondering van die kragstasies wat in (B) en (C) van die Tweede Bylae by die Permit van die Sentrale Kragontwikkelingsonderneming genoem word, R1,75 (een rand vyf-en-sewentig sent) per metrieke ton is, dit van tyd tot tyd op die volgende wyse aangepas word:

Die koste van steenkool, uitgedruk as die gemiddelde koste per metrieke ton wat by genoemde kragstasies verbruik word, moet vir elke tydperk van drie maande tot aan die einde van Maart, Junie, September en Desember bepaal word en indien die verskil tussen die koste van steenkool vir die pas afgelope tydperk van drie maande en genoemde basiese prys van R1,75 (een rand vyf-en-sewentig sent) minder is as 17,5c (sewentien komma vyf sent), is die kWh koers wat in die daaropvolgende drie maande toegepas moet word genoemde koers van 0,83c (nul komma agt drie sent); maar indien genoemde steenkoolkoste met 17,5c (sewentien komma vyf sent) of meer van die basiese koste verskil, dan is die kWh koers wat in die daaropvolgende tydperk van drie maande toegepas moet word, genoemde koers van 0,83c (nul komma agt drie sent) per kWh plus of min 0,01c (nul komma nul een sent) vir elke volledige vermeerdering of vermindering van 17,5c (sewentien komma vyf sent) van genoemde steenkoolkoste bo of onder die basiese koste.

Met dien verstande dat waar krag ingevolge hierdie tarief aan 'n verbruiker gelewer word, enige toevoer wat die verbruiker vir verligtings- en ander doeleindes in Tarief (C) van hierdie Bylae vermeld, op die perseel neem, by die toevoer ingevolge hierdie tarief ingesluit kan word.

Tarief (C): Huishoudelike Gebruikers

Vir 'n toevoer aan private woonhuise en ander persele ten opsigte waarvan daar 'n "kameraanslag" gemaak is of gemaak kan word:

Alternatief (i)—Uniforme tarief

(a) 'n Diensgeld van 55c (vyf-en-vyftig sent) per maand; hierdie bedrag moet betaal word, ongeag daarvan of elektrisiteit verbruik word of nie; *plus*

(b) 'n prys van 10c (tien sent) per kWh in die maand voorsien, met dien verstande dat 'n minimum bedrag van 85c (vyf-en-tagtig sent) per maand gevorder word, ongeag daarvan of elektrisiteit verbruik word of nie.

Alternatief (ii)—Kamertarief

(a) 'n Diensgeld van 55c (vyf-en-vyftig sent) per maand; hierdie bedrag moet betaal word, ongeag daarvan of elektrisiteit verbruik word of nie; *plus*

(b) 'n bedrag van 42,5c (twee-en-veertig komma vyf sent) per kamer per maand; hierdie bedrag of 85c (vyf-en-tagtig sent) per maand, watter een ook al die meeste is, word gevorder ongeag daarvan of elektrisiteit verbruik word of nie; *plus*

(c) 'n energieprys teen die koers van 0,83c (nul komma agt drie van 'n sent) per kWh gedurende die maand gelewer; met dien verstande dat gemelde kWh prys, aangesien dit daarop gebaseer is dat die koste van steenkool wat by die kragstasies van die Sentrale Kragontwikkelingsonderneming verbruik word, met uitsondering van die kragstasies wat in (B) en (C) van die Tweede Bylae tot die Permit van die Sentrale Kragontwikkelingsonderneming genoem word, R1,75 (een rand vyf-en-sewentig sent) per metrieke ton, van tyd tot tyd op die wyse in paragraaf (c) van Tarief (B) uiteengesit, aangepas sal word.

Met dien verstande dat, indien die begin- of die beëindigingsdatum van enige toevoer sodanig is dat die toevoer slegs vir 'n gedeelte van 'n maand beskikbaar is, die bedrae wat ingevolge paragrawe (a) en (b) van tarief (A), (a) en (b) van tarief (B) en (a) van alternatief (i) van tarief (C) en (a) en (b) van alternatief (ii) van tarief (C) betaalbaar is, en die minimum bedrae in die tariewe uiteengesit, bereken moet word op 'n pro rata-grondslag vir die gedeelte van 'n maand van 30 (dertig) dae waarin die toevoer beskikbaar is.

Straatverligting

Waar die Lisensiehouer elektrisiteit voorsien vir straatverligting of soortgelyke openbare verligting en dit in stand hou, word die bedrag vir sodanige elektrisiteit en diens by 'n spesiale ooreenkoms tussen die Lisensiehouer en die vebruiker vasgestel.

Bogenoemde pryse word, ooreenkomstig die bepalinge van artikel 29 van die Wet, verander om te voldoen aan spesiale omstandighede wat van toepassing is op die voorsiening van elektrisiteit aan sekere verbruikers.

ELEKTRISITEITSVOORSIENINGSKOMMISSIE

OPGAWE VAN TARIEWE VIR 1976

[Afgekondig ingevolge artikel 29 (3) van die Elektrisiteitswet, 1958]

OOS-KAAPLANDSE ONDERNEMING

Die Standaardtariewe is soos hieronder uiteengesit. Hierdie tariewe is onderworpe aan toeslae soos volg:

Vanaf 1 Januarie 1976 is die bestaande algemene toeslag 40 (veertig) persent. Hierdie toeslag sal met ingang van April 1976 tot 60 (sestig) persent verhoog word, en met ingang van September 1976 verder verhoog tot 80 (tagtig) persent.

Tarief (A): Grootkraggebruikers

Vir die driefasige wisselstroomtoevoer aan 'n verbruiker wie se aangemelde maksimum aanvraag 25 (vyf-en-twintig) kilovolt-ampére of meer is teen 'n frekwensie van 50 (vyftig) hertz en by 'n nominale spanning van 11 000 volt of sodanige hoër spanning waaroor daar ooreengekom word, word die volgende gevorder:

(a) 'n Diensgeld van R6,80 (ses rand tagtig sent) per maand; hierdie bedrag moet betaal word ongeag daarvan of enige elektrisiteit verbruik word of nie; *plus*

(b) 'n aanvraagprys van R2,05 (twee rand vyf sent) per maand vir elke kilovolt-ampére van die maksimum aanvraag wat in die maand voorsien is; met dien verstande dat, indien die verbruiker in die maand geen elektrisiteit verbruik nie of indien die verbruiker se maksimum aanvraag in die maand minder as 70 (sewentig) persent is van die aangemelde maksimum aanvraag wat dan van krag is, die Lisensiehouer ingevolge paragraaf (b) van hierdie tarief vir 70 (sewentig) persent van genoemde aangemelde maksimum aanvraag kan laat betaal; *plus*

(c) 'n energieprys van 0,445c (nul komma vier vier vyf sent) vir elke kilowatt uur (kWh) in die maand voorsien; met dien verstande dat, aangesien genoemde kWh prys gebaseeer is op 'n energieprys van 0,339c (nul komma drie drie nege sent) per kWh wat die Lisensiehouer aan die Munisipaliteit Port Elizabeth moet betaal, die kWh prys van tyd tot tyd as volg aangepas moet word:

Die Lisensiehouer moet die gemiddelde energieprys per kWh wat hy moet betaal, vir elke tydperk van drie maande tot die einde van Maart, Junie, September en Desember bepaal, en indien die gemiddelde prys vir die pas afgelope tydperk van drie maande met minder as 0,004c (nul komma nul nul vier sent) van voornoemde basiese prys van 0,339c (nul komma drie drie nege sent) verskil, moet genoemde kWh prys van 0,445c (nul komma vier vier vyf sent) per kWh in die tarief in die daaropvolgende tydperk van drie maande toegepas word; indien genoemde gemiddelde prys egter met 0,004c (nul komma nul nul vier sent) of meer van die basiese prys verskil, dan is die kWh prys wat in die daaropvolgende tydperk van drie maande toegepas moet word, genoemde prys van 0,445 (nul komma vier vier vyf sent), vermeerder of verminder met 0,005c (nul komma nul nul vyf sent), vir elke volle 0,004c (nul komma nul nul vier sent) wat genoemde gemiddelde hoër of laer as die basiese prys was.

Tarief (B): Kleinkraggebruikers

Vir 'n toevoer aan 'n verbruiker wie se maksimum aanvraag selde meer as 50 (vyftig) kVA en nooit meer as 75 (vyf-en-sewentig) kVA is nie, beskikbaar gestel by 'n nominale spanning van 380 volt tussen fases en 220 volt tussen fase en neutraal, vir gebruik as beweegkrag of vir verwarming of vir elektrochemiese prosesse, word die volgende gevorder:

(a) 'n Diensgeld van R1,00 (een rand) per maand; hierdie bedrag moet betaal word ongeag daarvan of elektrisiteit verbruik word of nie; *plus*

(b) 'n aanvraagprys van 20c (twintig sent) vir elke volle ampère van die maksimum aanvraag wat in die maand voorsien is; met dien verstande dat die Lisensiehouer minstens die minimum bedrag vir die meterinstallasie wat op daardie tydstip vir die verbruiker se toevoer geïnstalleer is, kan vorder, naamlik:

Meterinstallasie vir die meet van 'n maksimum aanvraag	*Minimum bedrag*
	R
Van minder as 17 ampère	0,60
Van 17 tot 24 ampère	0,90
Van 25 tot 33 ampère	1,20
Van 34 tot 49 ampère	1,80
Van 50 tot 66 ampère	2,40
Van 67 tot 99 ampère	3,60
Van 100 tot 132 ampère	4,80
Van 133 tot 198 ampère	7,20
Van 199 tot 297 ampère	10,80
Van meer as 297 ampère	14,40

Plus

(c) 'n energieprys van 0,9c (nul komma nege sent) vir elke kWh in die maand voorsien; met dien verstande dat, aangesien genoemde kWh prys gebaseer is op die energieprys van 0,339c (nul komma drie drie nege sent) per kWh wat die Lisensiehouer aan die Munisipaliteit Port Elizabeth moet betaal, genoemde kWh prys van tyd tot tyd as volg aangepas moet word:

Die Lisensiehouer moet die gemiddelde energieprys per kWh wat hy betaal, vir elke tydperk van drie maande tot die einde van Maart, Junie, September en Desember bepaal, en indien die gemiddelde prys vir die pas afgelope tydperk van drie maande met minder as 0,016c (nul komma nul een ses sent) van voornoemde basiese prys van 0,339c (nul komma drie drie nege sent) verskil, moet genoemde kWh prys van 0,9c (nul komma nege sent) per kWh in die tarief, in die daaropvolgende tydperk van drie maande toegepas word; indien genoemde gemiddelde prys egter met 0,016c (nul komma nul een ses sent) of meer van die basiese prys verskil, dan is die kWh prys wat in die daaropvolgende tydperk van drie maande toegepas moet word, genoemde prys van 0,9c (nul komma nege sent), vermeerder of verminder met 0,016c (nul komma nul een ses sent) wat genoemde gemiddelde prys hoër of laer as die basiese prys was.

Tarief (C) Verligting- en Huishoudelike Gebruikers

Verligting -en huishoudelike gebruikers kan kies tussen tarief (B) of die volgende tarief (C):

Vir 'n toevoer aan persele ten opsigte waarvan daar 'n "kameraanslag" gemaak is of gemaak kan word:

Alternatief (i)—Uniforme tarief

(a) 'n Diensgeld van 55c (vyf-en-vyftig sent) per maand; hierdie bedrag moet betaal word ongeag daarvan of elektrisiteit verbruik word of nie; *plus*

(b) 'n bedrag van 7,5c (sewe komma vyf sent) per kWh in die maand voorsien; hierdie bedrag of 32c (twee-en-dertig sent), watter een ookal die meeste is, moet betaal word, ongeag daarvan of enige elektrisiteit verbruik word of nie.

Alternatief (ii)—Kamertarief

(a) 'n Diensgeld van 55c (vyf-en-vyftig sent) per maand; hierdie bedrag moet betaal word ongeag daarvan of elektrisiteit verbruik word of nie; *plus*

(b) 'n bedrag van 32,5c (twee-en-dertig komma vyf sent) per kamer per maand, onderworpe aan die absolute minimum van die bedrag vir een kamer; *plus*

(c) 'n energieprys van 0,9c (nul komma nege sent) vir elke kWh in die maand voorsien; met dien verstande dat, aangesien genoemde prys gebaseer is op 'n energieprys van 0,339 (nul komma drie drie nege sent) per kWh wat die Lesensiehouer aan die Munisipaliteit Port Elizabeth moet betaal, die prys van tyd tot tyd aangepas moet word op die wyse wat in die tweede paragraaf van (c) van tarief (B) uiteengesit word.

Indien die begin- of beëindigingsdatum van enige toevoer sodanig is dat die toevoer slegs vir 'n gedeelte van die maand beskikbaar is, moet enige diensgeld, aanvraagprys of maandelikse minimum bedrag wat die Lisensiehouer vorder, bereken word op 'n pro rata-grondslag vir die gedeelte van 'n maand van 30 (dertig) dae waarin die toevoer beskikbaar is.

Straatverligting

Waar die Lesensiehouer elektrisiteit voorsien vir straatverligting of soortgelyke openbare verligting en dit in stand hou, word die bedrag vir sodanige toevoer en diens by spesiale ooreenkoms tussen die Lisensiehouer en die verbruiker vasgestel.

Bogenoemde bedrae word, ooreenkomstig die bepalinge van artikel 29 van die Wet, verander om te voldoen aan spesiale omstandighede wat van toepassing is op die voorsiening van elektrisiteit aan sekere verbruikers en in sekere gebiede.

ELEKTRISITEITSVOORSIENINGSKOMMISSIE
OPGAWE VAN TARIEWE VIR 1976

[Afgekondig ingevolge artikel 29 (3) van die Elektrisiteitswet, 1958]

NATALSE ONDERNEMING

Die standaardtariewe is soos hieronder uiteengesit. Hierdie tariewe is onderworpe aan toeslae soos volg:

Vanaf 1 Januarie 1976 is die bestaande algemene toeslag 25 (vyf-en-twintig) persent. Hierdie toeslag sal met ingang van April 1976 tot 42,5 (twee-en-veertig komma vyf) persent verhoog word, en met ingang van September 1976 verder verhoog word tot 62,5 (twee-en-sestig komma vyf) persent.

Tarief (A): Grootkraggebruikers

Vir 'n driefasige wisselstroomtoevoer aan 'n verbruiker wie se aangemelde maksimum aanvraag 25 (vyf-en-twintig) kilovolt-ampére of meer is, teen 'n frekwensie van 50 (vyftig) hertz en by 'n ooreengekome spanning wat in die omgewing beskikbaar is, word die volgende gevorder:

(a) 'n Diensgeld van R6,60 (ses rand sestig sent) per maand; hierdie bedrag moet betaal word, ongeag daarvan of elektrisiteit verbruik word of nie; *plus*

(b) 'n aanvraagprys vir elke kilovolt-ampére van die maksimum aanvraag in die maand voorsien, ten bedrae van—

(i) R1,61 (een rand een-en-sestig sent) wanneer die toevoer by die nominale spanning van 132 000 volt tussen fases voorsien word, of

(ii) R1,75 (een rand vyf-en-sewentig sent) wanneer die toevoer by die nominale spanning van 88 000 volt tussen fases voorsien word, of

(iii) R1,79 (een rand nege-en-sewentig sent) wanneer die toevoer by die nominale spanning van 33 000 volt of 22 000 volt of 11 000 volt of 6 600 volt of 2 200 volt voorsien word, of

(iv) R1,89 (een rand nege-en-tagtig sent) wanneer die toevoer by die nominale spanning van 380 volt tussen fases en 220 volt tussen fase en neutraal voorsien word;

met dien verstande dat, indien die verbruiker in die maand geen elektrisiteit verbruik nie, of indien die verbruiker se maksimum aanvraag in die maand minder as 70 (sewentig) persent is van die aangemelde maksimum aanvraag wat dan van krag is, die Lisensiehouer, ingevolge paragraaf (b) van hierdie tarief, vir 70 (sewentig) persent van genoemde aangemelde maksimum aanvraag kan laat betaal; *plus*

(c) 'n energieprys van 0,27c (nul komma twee sewe sent) vir elke kilowattuur kWh in die maande voorsien; met dien verstande dat aangesien genoemde kWh prys daarop gebaseer is dat die koste van steenkool wat by die kragstasies Congella, Umgeni, Colenso en Ingagane verbruik word, R4,11 (vier rand en elf sent) per metrieke ton is, dit van tyd tot tyd as volg aangepas moet word:

Die gemiddelde koste van die steenkool wat by genoemde kragstasies verbruik word, moet vir elke tydperk van drie maande tot die end van Maart, Junie, September en Desember in Rand per metrieke ton bepaal word. Die aanpassing van die energietarief wat gedurende die daaropvolgende drie maande van toepassing is, is die verskil tussen die gemiddelde steenkoolkoste vir die tydperk van drie maande wat onmiddellik voorafgaande is en genoemde basiese steenkoolkoste van R4,11 (vier rand elf sent) per metrieke ton, vermenigvuldig met die getal metrieke ton wat verbruik is gedurende die onmiddellik voorafgaande tydperk van drie maande gedeel deur die totale getal kWh wat deur die Lisensiehouer gedurende dieselfde tydperk in sy Natalse Onderneming verkoop is; met dien verstande dat die aanpassing in volle veelvoude van 0,005 sent (nul komma nul nul vyf van 'n sent) is en dat die onvoltooide dele van sodanige veelvoude veronagsaam word. Die aanpassing wat so bepaal is, moet getel word by die basiese energietarief van 0,27c (nul komma twee sewe sent) per kWh indien voormelde gemiddelde steenkoolkoste R4,11 (vier rand elf sent) per metrieke ton oorskry, of afgetrek word van die basiese energietarief indien die gemiddelde steenkoolkoste minder is as R4,11 (vier rand en elf sent) per metrieke ton.

Tarief (B): Kleinkraggebruikers

Vir 'n toevoer waarvan die maksimum aanvraag selde meer as 50 (vyftig) kilovoltampére en nooit meer as 75 (vyf-en-sewentig) kilovoltampére is nie, beskikbaar gestel by die nominale spanning van 380 volt tussen fases en 220 volt tussen fase en neutraal, vir gebruik as beweegkrag of vir verwarming of vir elektrochemiese prosesse, word die volgende gevorder:

(a) 'n Diensgeld van 85c (vyf-en-tagtig sent) per maand; hierdie bedrag moet betaal word, ongeag daarvan of elektrisiteit verbruik word of nie; *plus*

(b) 'n aanvraagprys van 15c (vyftien sent) vir elke volle ampére van die maksimum aanvraag in die maand voorsien;

met dien verstande egter dat die Lisensiehouer die minimum prys vir die meterinstallasie wat op daardie tydstip vir sy toevoer geïnstalleer is, kan vorder, naamlik:

Meterinstallasie vir die meet van 'n maksimum aanvraag	*Minimum bedrag*
	R
Van minder as 17 ampére	0,45
Van 17 tot 24 ampére	0,60
Van 25 tot 33 ampére	0,90
Van 34 tot 49 ampére	1,35
Van 50 tot 66 ampére	1,80
Van 67 tot 99 ampére	2,70
Van 100 tot 132 ampére	3,60
Van 133 tot 198 ampére	5,40
Van 199 tot 297 ampére	8,10
Van meer as 297 ampére	10,80

en verder, met dien verstande dat die aanvraagprys of minimum prys in enige maand nie 'n bedrag gelyk aan 10c (tien sent) per kWh in die maand voorsien, oorskry nie; *plus*

(c) 'n energieprys van 0,76c (nul komma sewe ses sent) vir elke kWh in die maand voorsien; met dien verstande dat, aangesien genoemde kWh prys daarop gebaseer is dat die koste van steenkool wat by die kragstasies Congella, Umgeni, Colenso en Ingagane verbruik word R4,11 (vier rand en elf sent) per metrieke ton is, dit van tyd tot tyd as volg aangepas moet word:

Die gemiddelde koste van die steenkool wat by genoemde kragstasies verbruik word, moet vir elke tydperk van drie maande tot die end van Maart, Junie, September en Desember in Raad per metrieke ton bepaal word. Die aanpassing van die energietarief wat gedurende die daaropvolgende drie maande van toepassing is, is die verskil tussen die gemiddelde steenkoolkoste vir die tydperk van drie maande wat onmiddellik voorafgaande is en genoemde basiese steenkoolkoste van R4,11 (vier rand en elf sent) per metrieke ton, vermenigvuldig met die getal metrieke ton wat verbruik is gedurende die onmiddellik voorafgaande tydperk van drie maande, gedeel deur die totale getal kWh wat deur die Lisensiehouer gedurende dieselfde tydperk in sy Natalse Onderneming verkoop is; met dien verstande dat die aanpassing in volle veelvoude van 0,02c (nul komma nul twee sent) is en dat onvoltooide dele van sodanige veelvoude veronagsaam word. Die aanpassing wat so bepaal is, moet getel word by die basiese energietarief van 0,76c (nul komma sewe ses cent) per kWh indien voormelde gemiddelde steenkoolkoste R4,11 (vier rand en elf sent) per metrieke ton oorskry, of afgetrek word van die basiese energietarief indien die gemiddelde steenkoolkoste minder is as R4,11 (vier rand en elf sent) per metrieke ton.

Tarief (C): Verligting- en huishoudelike gebruiker

Verligting- en huishoudelike gebruikers kan kies tussen tarief (B) en die volgende tarief (C):

Vir die voorsiening van elektrisiteit aan persele ten opsigte waarvan daar 'n "kameraanslag" gemaak is of gemaak kan word:

Alternatief (i)—Uniforme tarief

(a) 'n Diensgeld van 45c (vyf-en-veertig sent) per maand hierdie bedrag moet betaal word, ongeag daarvan of elektrisiteit verbruik word of nie; *plus*

(b) 'n bedrag van 7c (sewe sent) per kWh in die maand voorsien; hierdie bedrag of 70c (sewentig sent), watter een ook al die meeste is, moet betaal word ongeag daarvan of elektrisiteit verbruik word of nie.

Alternatief (ii)—Kamertarief

(a) 'n Diensgeld van 45c (vyf-en-veertig sent) per maand; hierdie bedrag moet betaal word, ongeag daarvan of elektrisiteit verbruik word of nie; *plus*

(b) 'n bedrag van 35c (vyf-en-dertig sent) per kamer per maand; hierdie bedrag of 70c (sewentig sent) per maand, watter een ook al die meeste is, moet betaal word, ongeag daarvan of elektrisiteit verbruik word of nie; *plus*

(c) 'n energieprys van 0,76c (nul komma sewe ses sent) per kWh in die maand voorsien; met dien verstande dat, aangesien genoemde kWh prys daarop gebaseer is dat die koste van steenkool wat by Congella, Umgeni, Colenso en Ingagane verbruik word R4,11 (vier rand elf sent) per metrieke ton is, dit van tyd tot tyd aangepas sal word op die wyse in paragraaf (c) van Tarief (B) uiteengesit.

Indien die begin- of beëindigingsdatum van enige toevoer sodanig is dat die toevoer slegs vir 'n gedeelte van die maand beskikbaar is, moet die diensgeld en die aanvraagprys, insluitende die kamerprys, wat die Lisensiehouer kan vra, en die minimum bedrae wat in die tariewe uiteengesit word, bereken word op 'n pro rata-grondslag vir die gedeelte van 'n maand van 30 (dertig) dae waarin die toevoer beskikbaar is.

Straatverligting

Waar die Lisensiehouer elektrisiteit vir straatverligting of soortgelyke openbare verligting verskaf en dit in stand hou, word die bedrag vir sodanige elektrisiteit en diens by 'n spesiale ooreenkoms tussen die Lisensiehouer en die verbruiker vasgestel.

Bogenoemde pryse verskil ingevolge die bepalings van artikel 29 van die Wet om te voldoen aan spesiale omstandighede wat op die voorsiening van elektrisiteit aan sekere verbruikers van toepassing is.

ELEKTRISITEITSVOORSIENINGSKOMMISSIE

OPGAWE VAN TARIEWE VIR 1976

[Afgekondig ingevolge artikel 29 (3) van die Elektrisiteitswet, 1958]

OOS-TRANSVAALSE ONDERNEMING

Die standaardtariewe is soos hieronder uiteengesit. Hierdie tariewe is aan 'n korting en toeslag onderworpe soos volg:

Vanaf 1 Januarie 1976 is die bestaande algemene korting 7,5 (sewe komma vyf) persent. Hierdie korting sal met ingang van April 1976 'n toeslag van 5 (vyf) persent word, en die toeslag sal vanaf September 1976 verhoog word tot 20 (twinitg) persent.

Tarief (A): Grootkraggebruikers

Vir 'n toevoer aan 'n verbruiker wie se aangemelde maksimum aanvraag 25 (vyf-en-twintig) kilovolt-ampére of meer van 'n driefasige wisselstroom is teen 'n frekwensie van 50 (vyftig) hertz en 'n ooreengekome spanning wat in die omgewing beskikbaar is, word die volgende gevorder:

(a) 'n Diensgeld van R15 (vyftien rand) per maand welke gelde betaal moet word of enige elektrisiteit gebruik word of nie: plus

(b) 'n aanvraaggeld vir elke kilovolt-ampére van die maksimum aanvraag wat in die maand voorsien is, teen die koers van—

(i) R2,20 (twee rand en twintig sent) wanneer die toevoer gelewer word teen 'n nominale spanning bo 380/220 volt, of

(ii) R2,30 (twee rand en dertig sent) wanneer die toevoer gelewer word teen die nominale spanning van 380 volt tussen fases en 220 volt tussen fase en neutraal.

(c) 'n energieprys teen die koers van 0,18c (nul komma een agt sent) per kilowatt uur (kWh) gedurende die maand gelewer: Met dien verstande dat die genoemde kWh koers, gebaseer op die koste van steenkool wat by die kragstasies van die Sentrale Kragontwikkelingsonderneming verbruik is, met uitsondering van die kragstasies in (B), (C) en (D) van die Tweede Bylae by die Permit van die Sentrale Kragontwikkelingsonderneming genoem, synde R1,75 (een rand en vyf-en-sewentig sent) per metrieke ton, van tyd tot tyd op die volgende wyse aangepas word:

Die koste van steenkool, uitgedruk as 'n gemiddelde koste per metrieke ton van die steenkool by genoemde kragstasies verbruik, moet vasgestel word vir elke kwartaal tot aan die einde van Maart, Junie, September en Desember, en indien die verskil tussen die koste van steenkool vir die kwartaal wat pas verstreke is en die basiese koste van R1,75 (een rand en vyf-en-sewentig sent) minder as 3,5c (drie komma vyf sent) is, is die kWh tarief wat gedurende die volgende kwartaal gehef moet word die genoemde koers van 0,18c (nul komma een agt sent); maar indien die genoemde koste van steenkool met 3,5c (drie komma vyf sent) of meer van die basiese koste verskil, is die kWh koers wat gedurende die volgende kwartaal gehef moet word die genoemde koers van 0,18c (nul komma een agt sent) per kWh, vermeerder of verminder met 0,002c (nul komma nul nul twee sent) vir elke volledige vermeerdering of vermindering van 3,5c (drie komma vyf sent) in die genoemde koste van steenkool bokant of onderkant die basiese koste.

Met dien verstande dat, indien die verbruiker in enige maand geen elektrisiteit verbruik nie of indien die verbruiker se maksimum aanvraag in enige maand minder as 70 (sewentig) persent is van die aangemelde maksimum aanvraag wat dan van krag is, die lisensiehouer ingevolge subparagraaf (b) van hierdie tarief, vir 'n minimum van 70 (sewentig) persent van genoemde aangemelde maksimum aanvraag kan laat betaal.

Tarief (B): Klein Kragverbruikers

Vir 'n elektrisiteitstoevoer waarvan die maandelikse maksimum aanvraag selde 75 (vyf-en-sewentig) kVA en nooit 100 (een honderd) kVA oorskry nie, beskikbaar gestel teen 'n nominale spanning van 380 volt tussen fases en 220 volt tussen fase en neutraal met uitsondering van toevoere ingevolge Tarief (C) gelewer, is daar—

(a) 'n diensgeld vir elke toevoerpunt van R6 (ses rand) per maand wat betaal moet word of elektrisiteit geneem word of nie; plus

(b) ten opsigte van elke toevoerpunt, 'n kWh geld vir 500 (vyf honderd) kWh van die maandelikse verbruik, of die maandelikse verbruik, watter getal ook al die laagste is, teen 'n tarief van 1,8c (een komma agt sent) per kWh;

(c) 'n kWh geld teen 'n tarief van 0,9c (nul komma nege sent) per kWh vir kWh geneem bo en behalwe die kWh wat in (b) hierbo genoem word: Met dien verstande dat die kWh koers van 0,9c (nul komma nege sent) per kWh, gebaseer op die koste van steenkool by die kragstasies van die Sentrale Kragontwikkelingsonderneming verbruik, met uitsondering van die kragstasies in (B), (C) en (D) van die Tweede Bylae by die Permit van die Sentrale Kragontwikkelingsonderneming genoem, synde R1,75 (een rand en vyf-en-sewentig sent) per metrieke ton, van tyd tot tyd op die volgende wyse aangepas moet word:

